In die Gesondheidswetenskappe, wat deurlopend gekonfronteer word met 'n ontploffing van nuwe kennis en hoogs moderne nuwe tegnologie, is dit die taak van diegene wat gemoeid is met die opleiding van die dokters en gesondheidswerkers van môre, om te verseker dat hierdie opleiding tred hou met die eise van die tyd.

Dit is daarom wêreldwyd die gebruik om gesondheidswetenskappe kurrikula gereeld te hersien, sê prof Ben van Heerden, hoof van die US Fakulteit Gesondheidswetenskappe se Sentrum vir Gesondheidswetenskappe Onderrig. Suid-Afrika is geen uitsondering nie. Benewens kurrikula-vernuwings in die 1970's, het die US FGW in 1994 begin met 'n omvattende proses van kurrikula hervorming. Dit is binne vyf jaar afgehandel en met goedkeuring van die Universiteit, die nasionale Departement van Onderwys en die betrokke beroepsrade, in 1999 geïmplementeer. Hierdie kurrikula is in 2002 weer hersien – en vòòr die eerste studente, wat in terme van die nuwe kurrikula opgelei is, hul opleiding aan die einde van 2004 voltooi het, het veranderinge in

Suid-Afrika se gesondheidsorgomgewing, die Fakulteit weer eens genoop om indringend na die kurrikulum te kyk.

Hierdie stap is veral noodsaak deur die tweejaar-internskap wat in 2007 vir MBChB-studente geïmplementeer is, sê Van Heerden. "Dit was 'n besluit van die Beroepsraad wat beteken dat mediese studente vir nege jaar moet studeer voor hulle onafhanklik kan praktiseer. Ons wou kyk of ons die huidige kurrikulum van ses jaar na vyf jaar kon verkort, maar dit het gou geblyk dat daar sekere dinge is wat ons eenvoudig nie vir die studente binne slegs vyf jaar kan leer nie. Die argument dat hulle hierdie dinge tydens hul internskap sou leer, was egter nie vir ons aanvaarbaar nie en ons het besluit dat dit veiliger is om die huidige sesjaar-kurrikulum te behou en slegs sekere aspekte daarvan te hersien. Uit die agt Gesondheidswetenskappe-fakulteite in die land, het slegs drie – die Universiteit van die Vrystaat, Walter Sisulu-universiteit en die Universiteit van KwaZulu-Natal – besluit om hul MBChB-kurrikulum na vyf jaar te verkort.

Hoewel die US nie bereid was om die kurrikulum te verkort nie, is daar tog

besluit om sekere veranderinge te maak. Hierdie veranderinge is veral gerig op interdisiplinêre leer en onderrig en die integrasie van basiese en kliniese gesondheidsorg, sê Van Heerden en prof Juanita Bezuidenhout, voorsitter van die Fase I-program.

Sluitelastepekte van die hersiene kurrikulum:

Om gestalte te gee aan die US FGW se strategie van optimalisering van interdisiplinêre leer en onderrig; om natuurwetenskappe binne die eerste semester meer binne die konteks van die gesondheidswetenskappe aan te bied, en om die nuwe eerstejaars beter voor te berei vir hul studies en toetse tot die onderskeie professies, is daar vier nuwe modules ontwikkel waarby 'n wye spektrum van kundiges betrokke was.

By hierdie modules is, onder meer, ingesluit:

- ▶ Persoonlike en professionele ontwikkeling, wat fokus op spesifieke vaardighede soos wetenskaplike skryfvaardighede, tydsbesteding, stresshantering en taalvaardighede in Afrikaans, Engels en Xhosa. Met hierdie module wil die Fakulteit studente bewus maak en voorberei vir die omgewing waarin hulle gaan werk.
- ▶ Lewensvorme en funksies van kliniese belang, wat biologie, anatomie, histologie, fisiologie en chemie insluit.
- ▶ Chemie vir gesondheidswetenskappe, wat chemie behels wat aangepas is vir die gesondheidsorgomgewing.
- ▶ 'Gesondheid in Konteks', wat fokus op wat gesondheid is en hoe gesondheid en siekte gemeet word. Benewens 'n bietjie geskiedenis, sluit dit databestuur, bewysgebaseerde praktyk en epidemiologie in.

Na afloop van die ses-maande lange Fondasiefase skei die programme, met MBChB-studente wat twee groot modules doen, naamlik die *Basis van Siekteprosesse* en die *Beginsels van Terapie*.

'Vriendelik, gasvry en sonder DWANG'

Tygerberg Maties haal die angel uit ontgroening met 'n wenleuse

Met die leuse, Vriendelik, gasvry en sonder dwang, het studente op die Tygerbergkampus die angel so effektief uit ontgroening gehaal, dat hulle vanjaar die Universiteitskild vir die beste oriënteringsprogram gewen het.

Ewe trots op dié prestasie is mnr Noël Bekkers wat vanjaar aangestel is in die pos van Res-Ed-koördineerder op die Tygerbergkampus. Dié pos is deel van 'n nuwe US-program waarvolgens alle Matiekos-huise in klusters opgedeel word in 'n poging om die akademie nader aan die koshuise te bring en terselfdertyd interaksie tussen kultuur- en portuurgroepe te bevorder. Die koshuise op die Tygerbergkampus vorm een van die sewe koshuis-klusters aan die US.

Weens sy geografiese ligging en die impak van groot getalle buitelandse studente, het die Tygerbergkampus unieke behoeftes waarna omgesien moet word, sê Bekkers. "Byvoorbeeld, ons wil verseker dat al ons studente as trotse Maties groei en ontwikkel - al is hulle nie op die hoofkampus nie, en ons wil kultuurinteraksie tussen ons plaaslike studente en buitelandse studente in die hand werk. Benewens die groot getalle elektiewe studente op die kampus, het ons tans ook voorgraadse studente uit lande soos Lesotho, Namibië en Zimbabwe. Om te verseker dat daar na al die studente se behoeftes omgesien word - "akademies, maar ook op die gebied van sport en sosiale interaksie" - werk Bekkers nou saam met die Tygerberg Studen-



Mnr Noël Bekkers, Res Ed koördineerder

teraad. "Een van die belangrike doelwitte van die program is om meer afgeronde graduandi te lewer".

Bekkers was self 'n student aan die FGW en het sy opleiding in Menslike Voeding hier voltooi. As inwonende hoof van Kerkenberg het hy ook die Kampus deur en deur leer ken.

Sleutelveranderinge aan die kurrikulum – vanaf bladsy 33

Implementering

Die hersiene kurrikulum met sy multiprofessionele aanslag, is ná bykans ses jaar van beplanning aan die begin van 2008 geïmplementeer. MBChB- en BSc Fisioterapiestudente het volledig saam deelgeneem aan die Fondasiefase, terwyl BSc Dieetkunde- en B.Arbeidsterapiestudente aan sommige van die modules deelgeneem het.

"Een van die oogmerke van die hersiene kurrikulum is om in ooreenstemming met die uitkomst van die Stellenbosch Gesondheidswetenskaplike, 'n deeglike begrip van die interdisiplinariteit tussen die verskillende dissiplines, te vestig. Die feit dat studente vanuit bykans al die verskillende dissiplines aan die Fondasiefase deelgeneem het, en ook dat dosente van die verskillende dissiplines betrokke was, het bygedra daartoe dat dié begrip deeglik inslag gevind het," sê dr Alwyn Louw van die Sentrum vir Gesondheidswetenskappe Onderrig (SGWO), wat ten nouste by die implementering van die fondasiefase betrokke was.

"Tydens onderhoude wat ons na afloop van die eerste semester met deelnemende studente gevoer het, het hulle begrip en waardering getoon vir die feit dat hul reeds aan die begin van hul studies aan hierdie interprofessionele konteks blootgestel is".

'n Ander oogmerk met die Fondasiefase is om 'n gesonde grondslag ten opsigte van studie aan die universiteit, en ook ten opsigte van die algemene welwees van die studente, te vestig.

"Fokus is dus geplaas op die persoonlike en professionele

ontwikkeling van die student. Hierdie benadering is met gemengde gevoelens ontvang, en die sukses daarvan sal met verloop van tyd bepaal kan word. 'n Verdere oogmerk was om die natuurwetenskappe meer binne die konteks van die gesondheidswetenskappe aan te bied. Studente het baie positief op hierdie vernuwing reageer".

Navorsing

Die SGWO is tans betrokke by 'n aantal navorsingsprojekte wat die implementering van die hersiene kurrikulum onder die loep neem. Een van die projekte fokus hoofsaaklik op die inter- en intrapersoonlikheids- en vaardigheidsontwikkeling van studente, terwyl 'n ander projek die sukses van die implementering van die Fondasiefase opsigself bestudeer.

"Die doel van albei hierdie projekte is om so gou as moontlik leemtes en gebreke in die kurrikulum te identifiseer, sodat regstellings en veranderinge aangebring kan word waar nodig".

Volgens Louw is daar vroeë aanduidings dat die implementering van die nuwe fondasiefase suksesvol was, maar hy glo dit is nog te vroeg om die sukses daarvan in die geheel te bepaal.

"Die FGW is baie trots op dit wat reeds bereik is, maar besef ook dat deurlopende skaafwerk nodig is om die kurrikulum voortdurend aan te pas en te verbeter.

"Verskeie gesprekke en vergaderings binne module- en tema-konteks is reeds gehou, en word ook verder beplan, ten einde 'n verbeterde fondasiefase-kurrikulum gereed te hê vir 2009."

Excellence rewarded

During 2008, various researchers and academic staff in the SU Faculty of Health Sciences received recognition for excellence in various areas of endeavour – from the University, the Faculty and national, as well as international organisations.

Peter Donald se verkenning van die 'bekende'

Prof Peter Donald het 30 jaar gelede begin om vir hom 'n navorsing-nisgebied af te baken tussen die laboratorium en die Tuberkuloseklyniek. Vandag geniet hy erkenning as 'n wêreldkundige op hierdie gebied, en as een van die voorste kliniese navorsers in Suid-Afrika.

Om suksesvol navorsing te doen, hoef 'n mens nie 'n esoteriese projek of vakgebied te kies nie, sê Donald, tans emeritus professor van Pediatrie en Kindergesondheid aan die US Fakulteit Gesondheidswetenskappe. "Jy kan dikwels groter sukses behaal deur ooglopende probleme te verken binne die vakgebied waarin jy jou bevind."

Dit was met hierdie benadering dat hy sowat 30 jaar gelede die eerste treë gegee het op die terrein van tuberkulosenavorsing, en waar hy vandag erkenning geniet as 'n wêreldkenner en een van die voorste kliniese navorsers in Suid-Afrika. En in 2008 het die besondere onderskeiding hom te beurt geval om die eerste, en tot dusver die enigste navorser in die US Fakulteit Gesondheidswetenskappe te word om 'n A-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) te ontvang.

Die doel van die NNS se evaluering en gradering van Suid-Afrikaanse navorsers, is om 'n globaal-mededingende wetenskaplike stelsel in Suid-Afrika te vestig. Navorsers word gegradeer na gelang van die omvang en gehalte van hul navorsingsuitsette; eweknie evaluasie en kennersmenings wat plaaslik en in die buiteland ingewin word.

Toe Donald dertig jaar gelede sy navorsingsloopbaan in die Departement Pediatrie en Kindergesondheid aan die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe begin het, was tuberkulose nie 'n vakgebied wat groot internasionale belangstelling uitgelok het nie.

Navorsers in ontwikkelde lande het trouens geglo dat infeksiesiektes die nekslag toegedien is met die koms van antibiotika en entstowwe, "maar in Suid-Afrika het ons van beter geweet want ons is daagliks met tuberkulose in ons gemeenskappe gekonfronteer. As klinici het ons dus navorsing op verskillende fasette van die siekte gedoen en teen die tyd dat die res van die wêreld begin kennis neem het van die omvang van die nuwe tuberkulose epidemie, was ons navorsing hier reeds ferm gevestig," sê hy.

Donald het deur die jare verskillende aspekte van die siekte bestudeer, onder meer die epidemiologie van tuberkulose, pediatriese tuberkulose, nuwe TB-middels en TB-meningitis - 'n veld waarin hy vir jare reeds in vennootskap met prof Johan Schoeman werk. "Ek en prof Schoeman het in die 1980's reeds ons eerste kinderpasiënte met TB-meningitis gesien. Dit het aanleiding gegee tot baie oorspronklike navorsing, wat wêreldwyd aandag getrek, en 'n groot aantal publikasies opgelewer het."

Prof Peter Donald staan vandag aan die voorpunt van navorsing wat spruit uit die hernieuwe, wêreldwye belangstelling in kindertuberkulose, sowel as die gesamentlike TB- en MIV-epidemies in Suid-Afrika.

Hoewel Donald reeds in 2004 afgetree het, gaan hy steeds onverpoosd met sy navorsing voort - soveel so dat hy vandag aan die voorpunt staan van navorsing wat spruit uit die hernieuwe, wêreldwye belangstelling in kindertuberkulose; die gesamentlike TB-MIV-epidemies, en die aanleiding wat

dit gee tot weerstandige- en uifers middelweerstandige tuberkulose. Hy sê sy sukses op navorsingsgebied is grootliks te danke aan spanwerk, die gehalte van die mense met wie hy deur die jare kon saamwerk en die geleentheid wat die Fakulteit – en in die besonder sy departementshoofde in Pediatrie en Kindergesondheid – aan hom gebied het om sy navorsing te kon doen.


"Dan was daar ook die belangrike ontwikkelings wat in die afgelope jare op die gebied van navorsing in die FGW plaasgevind het," sê hy.

"In die eerste plek was daar die groeiende samewerking en vennootskappe met navorsers en navorsingsinstansies op internasionale vlak, en tweedens was daar die baie nouer samewerking tussen kliniese en laboratoriumnavorsers in die FGW. Die kliniese en epidemiologiese navorsing wat ons op die gebied van tuberkulose doen, sou nooit soveel erkenning gekry het sonder die samewerking met laboratoriumnavorsers nie," sê hy.

Hoewel hy 'n Engelssprekende Kapenaar is wat letterlik langs die see in Kampsbaai gebore en getoë is, was Donald een van die eerste groep studente wat hul studies aan die US se destyds nuutgestigte Fakulteit Geneeskunde voltooi het.

Hy het ook tussen 1973 en 1976 sy spesialistestudies aan die Fakulteit voltooi. Daarna het hy vir 'n tyd lank in Brittanje en Australië gewerk en selfs 'n jaar lank by die wetenskaplike basis op Antarktika.

In 1979 het die destydse hoof van Pediatrie en Kindergesondheid, prof Louwna Keet, hom in die Departement aangestel – en met sy belangstelling in infeksiesiektes en Gemeenskapspediatrie, het hy vroeg reeds tuberkulosenavorsing begin doen.



International honours for Prof Tommie Victor

The Faculty's status as one of the foremost institutions worldwide in the field of tuberculosis research, was reinforced in 2008 when Prof Tommie Victor of the Molecular Biology and Human Genetics division of the SU Department of Biomedical Sciences on the Tygerberg Campus was honoured by the International Society for Infectious Diseases for his outstanding research on multi-drug resistant tuberculosis (MDR TB), as well as extremely drug resistant tuberculosis (XDR TB).

Victor was invited to deliver a paper at the Society's international conference in Kuala Lumpur, Malaysia and during the conference, he was awarded the Society's Sanofi Pasteur award.

A senior research scientist in the Department of Biomedical Sciences, Victor is part of the team of Stellenbosch scientists who have played a pivotal role in establishing SU as one of the foremost institutions

worldwide in the field of tuberculosis research. As a result of the work done by the TB Unit, it has also been recognised by the South African government as a 'TB Centre of Excellence.'

With Victor's assistance, the head of the unit, Prof Paul van Helden initiated molecular research on TB in the middle of the 1980's and in the early 1990's only a few researchers in the Department were working in the field. However, as the epidemic of this highly contagious, airborne respiratory disease was sweeping across the country, research became increasingly focused in this field of study. Today, a team of almost 70 researchers, students, post-doctoral fellows, contract workers and technologists are studying various aspects of the epidemic. Victor played a prominent role in establishing a highly integrated, inter- and multi-disciplinary team with local and international collaborators that boasts more than 200 research papers in

highly rated international journals and a number of patents. At the same time, he established one of the largest molecular epidemiology databases for the drug susceptible and drug resistant epidemic of tuberculosis in the southern hemisphere.

The researchers are working in partnership with the South African government, local institutions such as the National Health Laboratory Service (NHLS), international scientists and large consortia, supported by granting bodies such as the European Union, NIH, Wellcome Trust and the Bill and Melinda Gates Foundation.

In addition to basic laboratory research, Victor and his team endeavour to translate their findings into practical applications that will benefit patients, communities and the country's TB control programme. "A good relationship with the local TB control programme and local communities is, in fact, the key in all our studies," he says.

'n Goue medalje vir reprodktiewe navorsing

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het in 2008 sy goue medalje vir natuurwetenskaplike prestasie aan prof Thinus Kruger, hoof van die Departement Verloskunde en Ginekologie toegeken.

Hierdie medalje word toegeken vir hoogstaande werk van praktiese uitvinding of toepassing, en vernuf wat op wetenskaplike en/of proefondervindinglike grondslag gebaseer is.

Die Akademie het daarop gewys dat Kruger hom oor die afgelope 25 jaar nasionaal en internasionaal onderskei het as 'n topnavorsers en klinikus op die gebied van infertilititeit. "n Eenheid vir Reprodktiewe Biologie sonder weerga in Afrika het onder sy leierskap ontwikkel. Hy was leier van die span wat verantwoordelik was vir die eerste suksesvolle 'proefbuisbaba' in Afrika in 1984."

Kruger het ook die afsnypunte ontwikkel vir sperm-morfologie, wat fertiele mans van infertiele mans onderskei. Hierdie afsnypunte staan bekend as die Tygerberghospitaal Streng Kriteria

en word deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) as internasionale standaard aanvaar en bevorder.

Onder die leierskap van Kruger, was navorsers en klinici in die Eenheid vir Reprodktiewe Biologie oor die jare vir tientalle 'eerstes' op die gebied van infertilititeit verantwoordelik, onder meer die eerste bevrore embryo swangerskap vanaf 'n blastosist; die eerste suksesvolle swangerskap in Suid-Afrika ná 'n ware intrasitoplasma inspuiting van 'n sperm in 'n ovum in 1995, en die eerste swangerskap na laserbehandeling op 'n embryo in 2006.

Foto's bo-aan bladsy

Links: Prof Peter Donald

Middle: Prof Tommie Victor (right) received his award at a ceremony held during the conference of the International Society for Infectious Diseases.

Regs: Prof Thinus Kruger

Toekenning vir program om hoë risiko tienergedrag te bekamp

Dr Petrus Steyn



Dr Petrus Steyn van Verloskunde en Ginekologie se Gesinsbeplannings-eenheid het gedurende die jaar 'n toekenning van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement ontvang vir sy bydrae tot kurrikulumontwikkeling, spesifiek in die WKOD se Lewensoriënteringskomponent.

Die Leefstyl-oriënteringspakket wat Steyn in 2003 ontwikkel het om hoë risiko seksuele gedrag onder Graad 10 en 11-leerders te verminder, het sedertdien soveel opvoedkundige aansien verwerf dat dit tans ingelyf is by die kurrikula van drie van die land se provinsies.

Daarbenewens het Steyn en 'n span kundige medewerkers ook in 2007 nuwe modules vir die pakket, *Today's Choices*, vir matriekleerders ontwikkel.

Die projek het begin toe Steyn, in samewerking met die Nederlandsgebaseerde organisasie, *World Population Foundation*, en

die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, 'n opvoedkundige CD-ROM ontwikkel het wat spesifiek gerig is op groot getalle jong adolessente. Die hele inisiatief is van stapel gestuur in reaksie op 'n studie van die Universiteit Stellenbosch wat die neiging tot hoë risiko seksuele gedrag onder adolessente in die Skiereiland onder die soeklig geplaas het. Die studie het ook bevind dat skole die ideale omgewing bied om groot getalle jongmense deur middel van 'n opvoedkundige projek te bereik. Sewe-en-negentig persent van Suid-Afrikaanse adolessente tussen die ouderdomme van 10 en 14 is op skool.

Gesondheidswerkers en onderwysers is nie altyd opgelei om doeltreffend met hierdie jongmense te kommunikeer ten opsigte van hul seksuele gedrag nie. 'n Moontlike oplossing vir die probleem was dus die ontwikkeling van 'n professionele, bewysgebaseerde opvoedkundige pakket.

Service excellence award for diabetic eye care

In South Africa's national academic health care environment, Prof Bob Mash of the SU Department of Family Medicine and Primary Care is known as one of the foremost experts and promoters of Family Medicine.


It was his involvement in a city-wide community project in Cape Town, however, that won him an award for service excellence from the Western Cape Premier in 2008. The project for which Mash received the award is known as the Diabetic Care project which involves the improvement of chronic care for more than 40 000 diabetic patients who are served by the Metropolitan District Health Services (MDHS).

He points out that severe retinopathy is one of the complications of diabetes, affecting about 55% of all patients. Diabetic care in the public sector is provided by a network of 45 community health centres where patients usually attend a special 'diabetic club' run by nurses who screen the patients and deal with queries and complaints. It was found, however, that screening for retinopathy was deficient at most of the 'clubs', either because no ophthalmoscope was available or because the ophthalmoscope was not working – and various other reasons. It therefore became clear that a new approach which did not rely on the use of an ophthalmoscope by the 'club' staff, was required.

In response to this problem, Norva Nordisk and the World Diabetic Foundation donated a mobile digital camera for retinal photography to the MDHS to use at diabetic 'clubs' in the metropole. Initially the camera was used at three pilot sites in Khayelitsha, Retreat and Elsie's River and it soon became clear that detection and treatment of retinopathy could be dramatically improved by the use of a mobile retinal camera. It was therefore

decided to extend the retinal screening service to a further 15 health centres and subsequently to the whole MDHS.

Mash received the award together with Ms Di Powell, manager of the Eye Care Programme for the Metropole.



Ms Di Powell and Prof Bob Mash

Urology – ‘first’ among its peers for 24 years

For almost a quarter of a century, Stellenbosch University’s Urology Division has regularly won the top prizes awarded by the SA Urological Association at its biennial conferences - and 2008 was no exception.

At the organisation’s most recent conference, the two top prizes were once again awarded to members of the SU Division. Although there are Urology departments at seven of the South Africa’s eight medical schools, 21 of the 27 prizes awarded over the past 24 years by the Urological Association were won by registrars and consultants attached to SU and Tygerberg Hospital.

Storz prize

The Storz prize for the most outstanding young Urologist in South Africa was awarded to Dr André van der Merwe, senior lecturer in the Urology Division of SU/Tygerberg Hospital.

The prize is awarded every two years and is sponsored by the German company Storz, a manufacturer of endoscopic instruments. The prize winner is chosen by the executive committee of the SA Urological Association on the basis of the achievements of the recipient in the first ten years since registration as a urologist. The evaluation is based on the applicant’s publications, congress presentations and other contributions to urological service delivery and training. The first Storz prize was awarded in 1988 to prof Chris Heyns, currently head of the Urology Division, and subsequently 7

of the 11 recipients of this prize were attached to SU/Tygerberg Hospital.

Bard and Nol van Blerk prizes

The Bard prize for the best paper presented by a registrar at the congress was won by Dr Amir Zarrabi, also of SU/Tygerberg, for a paper titled, *Computer directed robotic gantry system for gaining precisely targeted needle access to the renal collecting system during percutaneous nephrolithotomy (PCNL)*.

The project was conducted in collaboration with Mr Jean-Pierre Conradie, a MScIng student in the Department of Mechanical and Mechatronic Engineering at Stellenbosch, who wrote the computer programme and designed the robotic gantry. The sponsor of the Bard prize is a firm which manufactures disposable urological equipment.

The first Bard prize was awarded in 1984 to prof Chris Heyns, and subsequently 8 of the 10 recipients were registrars at SU/Tygerberg Hospital.

Zarrabi also received the Nol van Blerk prize for his paper entitled, *Confirmed versus suspected urogenital tuberculosis in a region with an extremely high prevalence of pulmonary tuberculosis*.

The prize is awarded by the Urological Association for the best paper by a registrar which has also been submitted in the form of a manuscript suitable for publication.

The prize is named after prof Nol van Blerk, first professor in Urology at the University of the Witwatersrand.



Dr André van der Merwe



Dr Amir Zarrabi



Ms Kate Joyner

Domestic violence in the spotlight

A research article on the provision of emergency care for, and psychological distress in survivors of domestic violence has earned Ms Kate Joyner of the Nursing Division special honours at the 12th National Family Practitioner Congress that was held in Rustenburg in August.

As principal author of the article, Joyner received the Dumo Baqwa award for the best original research article published in South African Family Practice in 2007. Her co-authors were L Theunissen, L De Villiers, S Suliman, T Hardcastle and S Seedat. The award comprises 1 000 Euro, donated by the Federal Belgian Government through its *VLIR Own Initiatives Programme* and R5 000 donated by Abbot Laboratories, SA. Joyner is the first nurse to win this award.

The research study tried to ascertain the number of treatment referrals and information about

protection orders given to survivors of domestic violence presenting for emergency trauma care, as reported at the one-month visit; to obtain a profile of violent incidents and injuries, and to assess self-esteem and post traumatic and depressive symptoms in the aftermath of injury.

Joyner and her colleagues surveyed 62 participants who presented in the acute aftermath of domestic violence, as defined by the Domestic Violence Act of 1998, over a period of 12 weeks at the Trauma and Resuscitation Unit of a Level One trauma centre in an urban public hospital in South Africa.

They came to the conclusion that even though domestic violence poses significant health threats and costs to the health system, it appears to be a neglected area of South African health care.

The winning article can be read on the web address: <http://www.safpj.co.za/index.php/safpj/article/view/546/684>



Prof Jan Lochner

Afrikaans as geneeskunde-vaktaal het oor die afgelope 70 jaar tot volwaardigheid gegroei en as “soepel, parate en gebruikersvriendelike” kommunikasiemedium word dit ten volle deur pasiënte en gesondheidswerkers benut. Daarom was dit belangrik om die US se *Woordeboek van Afrikaanse Geneeskundeterme*, wat byna 30 jaar gelede die lig gesien het, te hersien en te verseker dat hierdie belangrike woordeboek tred hou met die kennisontploffing van die laaste dekades, sê prof Jan Lochner, ouddekaan van die US Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

In 'n wêreld waar Engels die *lingua franca* vir internasionale kommunikasie is, die taal is waarin vakkundiges internasionaal kommunikeer en publiseer en die taal is van die Internet, die rekenaar en DVD / CD-programme, kan 'n mens seker tereg vra of daar nog 'n noodsaak of behoefte is aan 'n geneeskundige vakwoordeboek in Afrikaans.

Vir die ouddekaan van die US Fakulteit Gesondheidswetenskappe, prof Jan Lochner, is die antwoord 'n onomwonde, “ja!”

“Solank Afrikaans nog gepraat word in Suid-Afrika, móét dit sy regmatige aandeel behou, veral op voorgraadse vlak om tersiëre onderrig toeganklik te maak vir studente met Afrikaans as moedertaal.

“Ons het ook groot sektore histories-benadeelde pasiënte wat Afrikaans praat en hulle kommunikeer graag met hul dokter in 'n taal wat hulle verstaan. Dit word

ook deur 'n groot getal gesondheidswerkers gepraat.”

Dit was met hierdie passie en oortuiging dat Lochner bykans vyf jaar gelede begin het om voltyds die *Woordeboek van Afrikaanse Geneeskundeterme* (WAG) – wat in 1979 deur die ouddekaan, prof Andries Brink en die Taalkomitee van die FGW saamgestel is – te hersien en op te dateer met terme, begrippe en trefwoorde wat voortspruit uit die kennisontploffing van die laaste dertig jaar. Die hersiening is grootliks moontlik gemaak deur befondsing wat deur die Trusteeraad van *Het Jan Marais Nasionale Fonds* vir die projek bewillig is.

Die afskopfase van hierdie reuse taak is nou, in samewerking met 'n groot aantal medewerkers uit die Fakulteit, woordeboek-vakkundiges, leksikograwe en taalkundiges, bykans afgehandel en die tweede uitgawe van die WAG word voor die einde van die jaar in elektroniese formaat deur Pharos-woordeboeke op die Internet en op laserskyf beskikbaar gestel. Om tred te hou met nuwe ontwikkelings in die gesondheidswetenskappe, sal hierdie uitgawe deurlopend opdateer word en die aanvullende trefwoorde sal jaarliks in elektroniese formaat beskikbaar gestel word, sê Lochner.

Die WAG het in 1979 met 30 000 lemmas (oftewel trefwoorde) verskyn,

agt herdrukke beleef en is steeds sonder gelyke in Suid-Afrika. Dit is verklarend en bied onder meer dele in Afrikaans na Engels, én Engels na Afrikaans. Die nuwe elektroniese uitgawe is reeds met byna 8 000 lemmas aangevul en volgens Lochner word selfs 'n hoër tempo van uitset vir die toekoms beplan. “Ons streef na die toevoeging van meer as 10 000 lemmas en sublemmas binne die volgende vyf jaar.” Hierdie nuwe lemmas is veral afkomstig uit 'nuwe' vakrigtings soos MIV/Vigs en groeiende vakrigtings soos molekulêre biologie, farmasie, epidemiologie, biostatistiek, primêre gesondheidsorg, etiek en ander.

In sy voorwoord tot die nuwe uitgawe skryf Lochner dat sekere van die fundamentele wetenskappe byna onherkenbaar gemoderniseer is, byvoorbeeld geneeskundige fisiologie, psigiatrie en farmakologie, terwyl ander feitlik herskep is, byvoorbeeld geneeskundige biochemie en molekulêre biologie. Terselfdertyd moes die nomen-

klatuur van die aanvullende gesondheidswetenskappe soos fisio- en arbeidsterapie, en ander, aangevul word om tred te hou met nuwe insigte en

ontwikkelings.

Lochner het medewerkers plaaslik en landswyd gewerf, onder meer van die Potchefstroom Universiteit, die Nasionale Taaldiens en die Universiteit van die Vry-

WAG kry 'n verjongingskuur

staat. Hy het die meeste bewerkings self geskryf en dan aan vak-, taal- en leksikografiese deskundiges voorgelê vir verbeterings. Tussendeur het hy deurlopend veelvuldige veranderings en verbeterings aan die eerste uitgawe aangebring. Uiteindelik was die 'nuwe' WAG 'n 'formidabele taak' wat moontlik gemaak is deur nuwe rekenaarprogramme- en tegnieke."

Oor die voorkoms van klaarblykbare anglisismes in geneeskunde vaktaal, sê Lochner dat dit reeds met die eerste uitgawe van WAT ter sprake gekom het. Daar is gevolglik destyds gepoog om alle terme te verafrikaans, maar dié poging was nie altyd geslaag nie. "Baie terme het sommer vroeg reeds in die stof gebyt, soos blindederm, harsingslymklier en speekbeen vir die appendiks, hipofise en radius onderskeidelik. Selfs in die gewone spreektaal het dié terminologie nie algemene inslag gevind nie."

Hy sê die afkeer aan die gebruik van sg. anglisismes is met-tertyd getemper deur die besef dat die Engelse vaktaal van die oorspronklike en meer beskrywende Griekse en Latynse stam-

woorde afgelei is. Gevolglik is toenemend klem gelê op die nomenklatuur van die 'oertale', hoewel die verafrikaanse spelling dikwels aanleiding gegee het, en steeds aanleiding gee tot meningsverskille. Soos in die eerste WAG-uitgawe, leun die lemmas in die nuwe uitgawe steeds op die oorspronklike Grieks en Latyn en wat na anglisismes mag klink is inderwaarheid terme waarvan die wortels vasgegroeï is in die vroegste geskiedenis van die geneeskunde. Lochner was deurlopend in kontak met die Taalkommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en hy het die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* sover moontlik gevolg.

Nadat hy hom vir so lank in hierdie woordewêreld verdiep het, is Lochner van mening dat die Afrikaanse geneeskunde-vaktaal vandag op gelyke voet met sy Engelse eweknie staan en as wetenskaptaal, 'n belangrike brug bou na veral studente uit ander taal- en kultuurgroepe wat aan Afrikaanse universiteite studeer, en ook tussen ander Afrikaans- en Engelssprekendes in die geneeskundige wetenskappe.

'n Unieke diens vir dieetkundiges

Vanaf bladsy 27

Wat die dieetkundige inhoud betref, is Nazeema Esau, 'n dieetkundige van Tygerberghospitaal, medeverantwoordelik vir die ontwikkeling van die program terwyl prof Demetre Labadarios van die Afdeling Menslike Voeding en prof Rafique Moosa, 'n nierspesialis en hoof van die Departement Geneeskunde, belangrike mediese insette gelewer het."

Dit het Herselman en haar span byna 'n jaar lank geneem om die program te ontwikkel en dit het tientalle interne proeflopieë ondergaan om probleme te ondervang en uit te sorteer. Daarna is dit by twee geleenthede ekstern getoets om te verseker dat dit seepglad loop voor dit in September 2008 vrygestel is.

Volgens Herselman kan die program enige plek ter wêreld gebruik word. Sy is nie bewus van 'n soortgelyke program elders nie, behalwe in Amerika waar daar wel 'n internetprogram is wat op die dieet van nierpatiënte gerig is, maar dit dek slegs pasiënte op hemodialise en dit dek nie Suid-Afrikaanse en inheemse voedselsoorte nie."

Hoewel die program tans net op die behoeftes van volwasse nierlyers gerig is, hoop Herselman om dit ook uit te brei vir kinders en persone met diabetiese nefropatie. Sy en ander medewerkers wil trouens die konsep in sy geheel uitbrei en voorsiening maak vir kategorieë vir oorgewig en diabetes, sê sy.

Hoewel dit 'n baie gespesialiseerde vakgebied is met 'n relatiewe klein teikengroep, het die webblad die afgelope twee maande reeds meer as 180 besoeke ontvang en 23 dieetkundiges het reeds geregistreer. Die projek is ook September by die 37ste EDTNA/ERCA Internasionale Kongres in Praag bekendgestel, en by 'n Voedingkongres in Pretoria.

Toegang tot die program word verkry deur die web-werf-adres: "<http://www.sun.ac.za/renalsmart>" OF www.renalsmart.co.za

Stellenboscher deur Franse tot ridder geslaan

Die diens wat dr Dawie van Velden oor die jare aan die wynbedryf gelewer het by wyse van die navorsing wat hy aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe gedoen het, het in 2007 besondere erkenning in Frankryk gekry toe Van Velden by 'n internasionale kongres in Bordeaux tot ridder geslaan is.



Dit was die derde internasionale kongres wat spesifiek gefokus het op die gesondheidsimplikasies van matige wynverbruik. Van Velden was trouens verantwoordelik vir die organisasie van die tweede Internasionale kongres oor Wyn en Gesondheid wat in 2005 in die hart van die Stellenbosch-wynland gehou is. Die eerste kongres was in Santiago, Chile, gehou. Al drie kongresse het spesifiek gefokus op die gesondheidsvoordele van matige wynverbruik en Van Velden is saam met die organiseerders van die ander twee kongresse vereer vir hul navorsing op wyn – spesifiek oor hoe dit die gesondheid van die mens kan beïnvloed.

Die drie kongresorganiseerders is tydens 'n glansryke seremoniële geleentheid tot ridders geslaan. Dit beteken dat hulle ewige trou moes sweer aan die wyn van die Bordeaux streek. Die toekenning geniet hoë aansien in die wynproduserende streke van Frankryk, en is 'n eeue-oue tradisie waarmee erkenning gegee word aan persone wat besondere dienste lewer ter bevordering van die vrug van die wynstok!



Mending our *Globetrotting ways*

At academic institutions worldwide, questions are asked today about the environmental impact of academic globetrotting and the size of the carbon footprint left behind when academics fly to destinations across the globe to attend international meetings and conferences. In this article, written for Tygerland, **Prof Bob Mash** ponders these problems and suggests some home-grown solutions.

The relentless rise in global carbon emissions is predicted to continue over the next 10 years. By 2015, if there is no reduction, then the impact on the world's climate will be both uncontrollable and catastrophic.

In the health sector the main risks are the direct effects of extreme weather conditions, changes in patterns of infectious diseases, effects on food production and freshwater; displacement of vulnerable populations and loss of income. Adverse effects in low income countries are likely to be much higher – loss of healthy life years is predicted to be 500 times more in Africa than in Europe.

The scientific community is in agreement that this phenomenon is due to human activity and is driven by a host of factors such as the burning of carbon fuels to make electricity, as part of industry or to transport ourselves and our products using the internal combustion engine. This, for example, is compounded by ever rising demand for more electricity and cars as well as inefficient and wasteful use of these resources. The rising demand is driven by increases in population as well as development that adopts the same environmentally harmful practices.

One of the major contributors is air travel due to the burning of jet fuel. Additional effects of aircraft on the atmosphere, such as condensation trails increase the warming effect by a factor of 2.7. While most other human activities such as the use of cars or production of electricity already have proven alternative technologies that can reduce emissions, there is no current alternative for travel by plane. At the same time air travel has become cheaper and amongst the more affluent part of the population, common place. A single return plane journey from Johannesburg to London produces an individual's annual quota of carbon - if we assume a quota based on the reduction necessary to avoid uncontrollable climate change. The unavoidable,

if unwelcome, conclusion for the small part of the population who travel by air is that 'if you fly, you destroy other people's lives'.

Academics and researchers are amongst the group of regular flyers and because climate change will have major public health impacts, should especially reflect on the need to fly. Researchers travel primarily to conduct research, particularly when there is international collaboration and to present research at conferences and meetings.

In the last year I have made the decision not to travel to international conferences as the environmental impact far outweighs the academic one. Keynote addresses can also be given by video conferencing or similar technologies. How many research projects consider their carbon footprint or include it in the budget?

Assuming as academics and researchers that we significantly reduce our overall flying time, it is unrealistic to demand an absolute prohibition. When air travel is necessary it has been proposed that planting trees can offset the effect. This is because mature trees over time will capture the carbon in their growth that was produced by the air travel. While it is not yet an exact science, a number of websites enable you to calculate the number of trees necessary to offset a particular flight.

For instance, Prof Elizabeth Wasserman and I traveled to Kampala to participate in the *Network: Towards Unity For Health Conference*. We therefore purchased three trees on our return to South Africa, and these were planted in the grounds of the Faculty where they will not only capture carbon, but also enhance the natural environment.

Since then, a number of colleagues and even our partners at other universities in South Africa and beyond our borders have bought into the idea – and as a result, several new saplings have made an appearance on the Tygerberg Campus!

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL ASSOCIATION INVITES YOU TO BECOME A MEMBER

WHAT IS SAMA?

The South African Medical Association (SAMA) is a non-statutory, professional association for public and private sector medical practitioners. Registered as an independent, non-profit Section 21 company SAMA champions doctors' interests and causes in areas of Government health policy as well as in their interactions with other stakeholders in the health arena such as medical schemes. SAMA empowers doctors to bring health to the nation and acts a champion for doctors and patients. On behalf of its members, the Association strives for a health care dispensation that will best serve their needs.

WHY SHOULD YOU JOIN SAMA?

- **The Industrial Relations Unit assists members with:**

- Unfair dismissals and unfair labour practices
- Salary negotiations
- Conditions of employment
- Representations in disciplinary hearings
- Involved in the public sector bargaining councils
- Handles grievances arising in the workplace

- **SAMA provides legal advice to private practice doctors:**

Advice on private practice contracts including employment contracts, Medico-legal advice, advice on health policy and legislation, eg: Certificate of Need, dispensing, medicine control regulation, HPCSA regulations, advice on human rights, ethical rules and medical ethics eg: clinical independence/dual loyalty, informed consent, confidentiality etc, advice on medical scheme issues and representation at meetings with medical schemes.

- **Private Practice management assistance:**

Assistance on interpretation and related comments regarding doctors billing manuals, ICD-10 coding and current procedural terminology coding.

- **Members of SAMA receive free copies of the South African Medical Journal (SAMJ) or Continuous Medical Education (CME) as well as the SAMA Insider (an A4 glossy magazine).**

'SAMA Insider' is an in-house magazine which serves as a vehicle for regular communication with our members and keeping them abreast of developments in the private and public health sectors.

- **Continuing professional development:**

Through its network of 20 branches, SAMA organises CPD meetings offered free to its members whereby doctors earn Continuing Education Units (CEU's).

- **Preferential rates and prices:**

Preferential rates have been negotiated with several organisations for the provision of the following to its members:

- Motor vehicle and medical practice asset finance
- Motor vehicle price discount
- Short-term and long-term insurance
- E-mail, internet, 3g/hspda, broadband
- Automobile Association (AA)
- Car Hire



To join SAMA please contact the SAMA Marketing Unit
Tel: 012 481 2006/2026/2068
Fax: 012 481 2100
E-mail: enquiries@samedical.org